



INTERNASIONALE MARKTE VSA EKONOMIE VAAR STEEDS GOED

► **Ekonomiese groei in Amerika duur voort en is nou vir 103 maande opwaarts.** Dit is net 17 maande korter as die langste ekonomiese oplewing wat die VSA tussen 1991 en 2001 beleef het. Die Down Jones Nywerheidsindeks en die S&P 500 het deur die loop van die maand nuwe hoogtepunte behaal. Die S&P 500 het aan die einde van die maand sy dertiende rekord-hoogtepunt behaal – dit het op 26 Januarie 1.2% hoër gesluit; die grootste styging van die afgelope elf maande.

Die Dow Jones het in die eerste dae van die jaar nuwe hoogtepunte aangeteken en vir die eerste keer bo 25 000 punte gestyg. Dit was die indeks se sterkste lopies ná 'n nuwe 1 000 punte mylpaal in die geskiedenis van die indeks. Die ander groot Amerikaanse indeks – die Nasdaq – was nie ver agter nie en het ook in die lopies van markte gedeel. Die Nasdaq saamgestelde indeks het vir die eerste keer ooit 7 000 punte behaal, net nege maande ná die vorige hoogtepunt van 6000; wat in April verlede jaar aangeteken is.

► **Voorgestelde belastingwysigings deur die Trump administrasie is steeds groot nuus in Amerika.** Markkenners verwag dat dit groei vanjaar met 0.3% sal steun en met 0.2% in 2019. Inflasie styg steeds, hoewel matig en daar word verwag dat nog drie rentekoersverhogings aangekondig sal word.

► **Stewige vertonings is ook in die Eurosone aangeteken met verbeterings in vervaardigingsyfers en aangedryf deur positiewe sentiment wat op ekonomiese herstel gegrond is.** Die beter ekonomiese omstandighede is nie net in die groter ekonomieë te bespeur nie, lande soos Griekeland vaar ook beter. Die positiewe ekonomiese vooruitsigte het daartoe bygedra dat verwagtinge dat lande die Europese Unie sal verlaat tot slegs 8% in Desember

verlede jaar gedaal het. Heeltemal die tenoorgestele van die verwagting van 73% wat in Julie 2012 ná afloop van ekonomiese drama in Griekeland aangeteken is.

► **In die VK lyk sake egter nie so goed nie.**

MarkCarney, Goewerneur van die Bank van Engeland, het onlangs opgemerk dat die VK ekonomie nou weens Brexit-onsekerheid een van die laagste groei-koerse in die G7 groep het, terwyl dit eens een van die was wat die sterkste gegroei het.

► **Die MSCI Wêreldindeks het Januarie 5.3% hoër afgesluit, grootliks gesteun deur 'n styging van 5.7% in die S&P 500.** Die Eurostoxx 50 indeks het aan die begin van die maand goed gevaar maar teen die einde van Januarie weer teruggesak. In Japan was die Nikkei 225 indeks 1.5% hoër. In Asië het markte 7.5% hoër gesluit en die MSCI EMEA (Europa, Midde-Ooste en Afrika) indeks het die maand 5.5% hoër afgesluit.

SLIM WENK

Die belastingjaar eindig op 28 Februarie. Gesels met jou adviseur oor belastingdoel-treffende bydraes tot uittree-annuïteite of verdere beleggings in belastingvrye spaarrekenings voor die einde van die belastingjaar. Let ook daarop dat voorlopige belastingbetalers voor die einde van die maand opgawes vir die ses maande van September tot Februarie moet indien.

PLAASLIKE MARKTE

BETER SENTIMENT STEUN GELDEENHEID

► **Verskillende plaaslike gebeure het 'n positiewe impak gehad en gesorg dat die rand in Januarie met byna 3.5% teen die Amerikaanse dollar verstewig het.** Beleggers het optimisties geword weens die hoop dat die nuwe President van die ANC, Cyril Ramaphosa, nuwe beleidsrigtings vir Suid-Afrika sal lei. Volgens Fin24 het die geldeenheid die beste drie maande in byna tien jaar beleef. Baie markkommentators het verwys na die sogenaamde 'Ramaphosa-effek', hoewel daar ook stemme opgegaan het dat mense versigtig optimisties moet wees aangesien daar nog baie onsekerheid bestaan. Die besluit om voort te gaan met 'n ondersoek na staatskaping, 'n nuwe direksie vir Eskom en die besliste houding dat daar nie met kernkragplanne voortgegaan kan word weens begrotingstekorte nie, het tot die positiewe atmosfeer bygedra.

► **Die plaaslike mark het in Januarie nie betekenisvol presteer nie. Die FTSE/JSE Indeks van Alle Aandele het Januarie slegs 0.1% hoër gesluit en die verskillende sektore in die mark was uiteenlopend.** Die Hulpbronne-indeks het die maand 3.2% hoër afgesluit danksy hoër kommoditeitspryse. Die Finansiële Indeks het met 3% gedaal, veral in die laaste week in reaksie op 'n negatiewe verslag oor Capitec wat deur Viceroy Research gepubliseer is. Die Nywerheidsindeks het die maand op 0.4% hoër afgesluit. Randverskansingsaandele het danksy die stewiger geldeenheid nie watwonders gevaar nie. Genoteerde eiendom het in Januarie skerp gedaal (-9.9%) weens spekulاسie dat maatskappye in die Resilient-groep in 'n ongunstige verslag van Viceroy genoem sou word.

► **Voortslepende risiko van afgradering en 'n onlangse skerp styging in olie-pryse het daartoe bygedra dat die SA Reserwebank (SARB) by 'n vergadering van sy monetêre beleidskomitee in Januarie besluit het om rentekoerse onveranderd op 6.75% te hou.** Hoewel die SARB op die beter inflasiesyfer sedert November ag geslaan het, is daar steeds risikos vir hoër inflasie in die maande wat voorlê.

Daar word verwag dat inflasie gemaklik binne die teikensyfer sal bly en kommentators verwag nie meer as een verlaging van 25 basispunte vir die jaar nie.

► **Die 'Ramaphosa-effek' het ook tot beter syfers in die Absa aankopersindeks (PMI) aanleiding gegee.** Die seisoensaangepaste PMI syfer het in Januarie tot die beste vlak in nege maande verbeter danksy beter sake-aktiwiteit en stygende bestellings. Business Day het berig dat die PMI 'n betroubare aanwyser is vir vervaardigingsyfers wat deur Statistiek SA uitgereik word. "Die styging was waarskynlik te danke aan die verkiesing van Ramaphosa as ANC President. Deelnemers aan die aankopersverslag blyk optimisties dat Ramaphosa sake-vriendelike veranderinge te weeg sal bring wat groei sal steun," aldus die koerant se berig.

► **Verkope van nuwe voertuie het in Januarie gedaal maar die bedryf blyk positief oor die vooruitsigte vir die jaar.** Die totale syfer vir alle voertuie was 45 888, 8.9% laer as die 50 386 wat in Januarie 2017 verkoop is. Motorverkope het met 11.6% tot 36 908 gedaal en die verkope van alle soorte handelsvoertuie het ook afgeneem. Volgens Business Day se verslag was dit veral laer aankope deur die motorverhuringbedryf wat tot die laer syfer bygedra het. Kenners van die bedryf meen sake sal beter lyk as die 1.8% groei wat in 2017 behaal is. Uitvoerverkope het goed gevaar en was op 14 212 'n stewige 22% hoër as verlede jaar.

Bronne: Momentum Business Day MSN.Money Fin24

